# SA kultuur, verlede in kissies vasgepen

COBUS VAN BOSCH

**TENTOONSTELLINGS: Werke in gemengde mediums deur Fritha Langerman en Judy Moolenschot. In die galery van die Vereniging vir Visuele Kunste, Kerkstraat 35, Kaapstad. Tot 4 Mei.**

FRITHA LANGERMAN bied hier met haar tweede solotentoonstelling in dié galery 'n reeks werke, getiteld ***Black Boxes***, waarin haarfyn beplanning dadelik opval.

Sy beskryf haar tentoonstelling as "multimediumwerk wat te doen het met kwessies rondom maniere van kulturele uitbeelding, spesifiek dít wat te doen het met antropologiese uitstalling en taal in Suid-Afrika".

Op formele vlak spreek dié reeks van 99 kissies, elk met 'n enigmatiese objek binne-in, van hoogstaande vakmanskap en innoverende gebruik van materiale, iets waarvoor Langerman se werk lank reeds bekend is.

Elke aspek van elke kunswerk hier, is vol betekenis, of liewer, vol verwysing. Die titels is afwisselend in die elf amptelike landstale en daar is nege reekse, wat nie net dui op die aantal provinsies in die land nie, maar ook dít waarmee land se verskillende staatsdepartemente hulle besig hou.

Elke objek is gemaak uit aanmekaargestikte stukkies papier (tekste van toesprake deur regeringsamptenare) wat in was geweek is, en word beskryf as 'n "objek" vir landbou, vir behuising, vir opvoeding, vir gesondheid, ens.). Voorts verwys die arbeidsintensiewe objekte en patroonmatige afwerking op die (vervagende?) grens tussen kunsvlyt en die skone kunste, terwyl die feit dat dit in kissies uitgestal word, klassifikasie en die "antropologiese uitbeelding" waarvan Langerman praat, eggo.

Daar is dus baie verwysings en betekenisse, maar straks is als net te duidelik vasgepen. 'n Mens soek meer oop eindes (die ongedefinieerde objekte in die kissies help effe), dubbelsinnigheid en, les bes, iets wat aan die hart gryp.

IN die Long-galery is Judy Moolenchot se ***Control Room*** te sien. Die reeks werke bestaan hoofsaaklik uit verligte houtkissies wat elk 'n aantal gesuperponeerde deursigtige plate, eintlik grootskaalse skyfies, bevat. Op die plate is tekste en illustrasies uit hoofsaaklik die Suid-Afrikaanse verlede, en die visuele effek is een van grepe uit die verlede wat mekaar aanvul, verberg of oorskryf.

Die tentoonstelling gaan in die breë oor die kwessie van geskiedskrywing en diegene wat die mag het om die aard daarvan te bepaal, vandaar die titel van die tentoonstelling. Die fotoplate is ingedeel in die kategorieë "beheerders" (politici en meningsvormers), "die mense" (die publiek), "simbole van krag" (monumente, ens.) en "tekste" soos "regstellende aksie" en "vryheidstryd".

Daar is ook 'n "interaktiewe komponent" in die tentoonstelling, waar galerybesoekers uit 'n aantal fotoplate kan kies en dit kan rangskik om 'n eie weergawe van die verlede of historiese gebeure te skep. Hierdie deel van die projek word effe beperk deurdat kykers slegs kan kies uit die paar illustrasies wat verskaf word, maar die boodskap word wel tuisgebring.